## NOTICE 807 OF 2011

## DEPARTMENT OF LABOUR

## LABOUR RELATIONS ACT, 1995

## APPLICATION FOR VARIATION OF REGISTERED SCOPE OF A BARGAINING COUNCIL

I, Johannes Theodorus Crouse, Registrar of Labour Relations, hereby notify, in terms of section 58(1) of the Labour Relations Act, 1995, that an application for variation of scope has been received from the Bargaining Council for the Grain Industry.

Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any person may object to the application on any or all of the following grounds:

(a) The application has not complied with the provisions of section 29 of the Act, read with the changes required by the context.

(b) The sector and area in respect of which application is made is not appropriate; and

(c) The applicant is not sufficiently representative in the sector and area in respect of which the applicant is made.

Any person who objects must lodge a written objection with me, c/o the Department of Labour, Laboria House, 215 Schoeman Street, Pretoria (Postal address: Private Bag x 117, Pretoria, 0001), Fax No. (012) 309-4156, within 30 days of the date of this notice. A copy of the objection has been served on the applicant.

The applicant may respond to the objection within 14 days of the expiry of the 30 day period mentioned above and must satisfy me that a copy of the response has been served on the person who objected within the 14-day period.

**TABLE**

**Name of the Bargaining Council:**

Bargaining Council for the Grain Industry

**Address of applicant:**

529 Belvedere Street, Agriseta House, Ground Floor, Arcadia, 0083, or Private Bag x 20003, Garsfontein, Fax No. (012) 3263194, E-mail: bcgrain@mweb.co.za

**Date on which application was lodged:**

29 March 2011

**Intention of the proposed variation**

The Council applies for variation of scope to operate nationally in the Republic of South Africa and to broaden the definition to include all activities of the grain Industry.

**Interest and area in respect of which application is made:**

The Grain Industry, as defined hereunder, in the Republic of South Africa.

The Grain Industry shall mean the Industry in which employers and their employees that are associated for the purpose of providing a service to customers and farmers (including small and emerging farmers), within the grain and related industries which may include the following operations, services and processes:

a) The marketing, brokering, selling and buying of livestock, poultry, grain and related commodities;
b) The cultivation, multiplication, hybridizing, purifying, processing and distribution of seed and seedlings;
c) Production activities of such employers such as broilers, abattoirs, animal feedlots, grain milling, poultry and livestock;

d) The retail of agricultural inputs, agricultural equipment, consumers' goods and support services to customers and farmers (including small and emerging farmers).

**Interest and area in respect of which registration is held:**

Bargaining Council is registered in respect of the Grain Co-operatives Trade (Graankooperasie bedryf), as defined hereunder,-

"Graankoöperasiebedryf" beteken die bedryf waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om graankoöperasies te bedryf waarvan die hoofdoelstellings en primêre bedrywighede die volgende insluit:

(a) Die ontvangs, skoonmaak, ontsmetting, gradering, berging, verwerking, verpakking, hantering, kwaliteitsbeheer, versending en verspreiding van graan;

(b) die ontvangs, skoonmaak, ontsmetting, gradering, berging, verwerking, verpakking, hantering, kwaliteitsbeheer, versending en verspreiding van andbougewasse en produkte wat deur 'n graankoöperasie hanteer word;

(c) die verbouing, vermeerdering, verbastering, suiwering, beroking, verwerking en verspreiding, vir landboukundige doeleindes, van saad en saailinge van alle gewasse bedoel in paragrawe (a) en (b);

(d) die verrigting van alle primêre landboubedrywighede wat 'n integrerende deel vorm van die bedrywighede van 'n graankoöperasie en wat as 'n totale eenstopdiens aan lede van so 'n graankoöperasie ingestel is, soos die daarstelling van voerkrale vir slagvee, eierproduksie en hoenderboerdery;

(e) die verrigting van handelsbedrywighede ten opsigte van alle landboubenodigdhede en verbruikersgoedere as 'n diens aan lede van 'n graankoöperasie met behoorlike inagneming van die bepalings van die Koöperasiewet, 1981 (Wet No. 91 van 1981); en

(f) die aankoop, berging volgens voorskrif, verspreiding en verkoop van veeartsenykundige en plaagmiddels wat gebruik word in die primêre landbou-bedrywighede van lede van 'n graankoöperasie;

maar sluit nie die volgende in nie:

1. "Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid" beteken (behoudens die bepalings van enige afbakeningsvasstelling gemaak kragtens artikel 76 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956) die nywerhede wat te doen het met die produksie van yster en/of staal en/of legerings en/of die verwerking en/of herwinning en/of raffinering van metale (uitgesonderd edelmetale) en/of legerings uit metaalskuim en/of afval en/of residu's; die onderhoud, vervaardiging, oprigting of montering, bou, verandering, vervanging of herstel

van enige masjien, voertuig (uitgesonderd 'n motorvoertuig) of artikel wat hoofsaaklik uit metaal bestaan (uitgesonderd edelmetaal) of dele of samestellende dele daarvan en boumetaalwerk, met inbegrip van staalwapeningswerk; die vervaardiging van metaalgoedere hoofsaaklik uit sodanige yster en/of staal en/of ander metale (uitgesonderd edelmetale) en/of legerings en/of die afwerking van metaalgoedere; die bou en/of verandering en/of herstel van bote en/of skepe, met inbegrip van die afskraap, bik en/of afklop en/of verf van die rompe van bote en/of skepe en algemene houtwerk wat in verband met skeepsherstelwerk onderneem word, en omvat dit ook die Elektrotegniese Ingenieursnywerheid, die Hyser- en Roltrapnywerheid en die Plastieknywerheid, maar nie die Motornywerheid nie;

"Elektrotegniese Ingenieursnywerheid" -

(i) die vervaardiging en/of montering, uit samestellende dele, van elektriese uitrusting, naamlik generators, motore, konvertors, skakel- en kontrole-uitrusting (met inbegrip van relês, kontaktors, elektriese instrumente en uitrusting wat daarmee in verband staan), elektriese verligtings-, verhittings-, kook-, bevriesing- en verkoelingsuitrusting, transformators, oonduitrusting, seinuitrusting, radio- of elektroniese uitrusting, en ander uitrusting wat die beginsels toepas wat gebruik word in die bediening van radio- en elektroniese uitrusting, gloeilampe en elektriese kabels en huishoudelike elektriese toestelle en omvat dit ook die vervaardiging van samestellende dele van bogenoemde uitrusting;

(ii) die installering, onderhoud en herstel van die uitrusting in paragraaf (i) hierbo bedoel, maar omvat dit nie ook die Elektrotegniese Kontraknywerheid nie;

"Elektrotegniese Kontraknywerheid" die ontwerp, voorbereiding (uitgesonderd die vervaardiging vir verkoop) en oprigting van elektriese installasies wat 'n integrerende en permanente deel van geboue uitmaak, en die herstel en/of onderhoud van sodanige installasies, met inbegrip van die kabellaswerk en elektriese bedrading wat daarmee in verband staan;

"Hyser- en Roltrapnywerheid" die vervaardiging en/of montering en/of installering en/of herstel van elektriese hysers en roltrappe;

"Plastieknywerheid" die vervaardiging van artikels of gedeeltes van artikels in hul geheel of hoofsaaklik uit plastiek, maar omvat dit nie ook die volgende artikels wat van plastiekdoekstof gemaak word nie, nl.:

Klerasie, sakke en handsakke, stewels, skoene, oorskoene, stoffeeroortreksels en plastiek-hortjiesblindings;

"plastiek" enigeen van die groep stowwe wat, as 'n essensiële bestanddeel, 'n organiese stof met 'n groot molekulêre massa bevat of daaruit bestaan, en wat, terwyl dit in die afgewerkte vorm solied is, in die een of ander stadium van die vervaardiging daarvan geforseer is of geforseer kan word, dit wil sê deur vloei in verskillende vorms gegiet, gekalandeer, uitgestoot of gevorm kan word, gewoonlik deur die aanwending van slegs hitte en slegs druk of van albei saam;

"edelmetale" die edelmetale goud, silwer, platinum en/of palladium en/of 'n legering wat genoemde edelmetale of enigeen daarvan in so 'n verhouding tot ander metale bevat dat dit die grootste deel van die waarde van daardie legering uitmaak;

2. "Motornywerheid" beteken (behoudens die bepalings van enige afbakeningsvasstelling gemaak kragtens artikel 76 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956) die nywerheid waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om enigeen of meer van die volgende werksaamhede te verrig:

(i) Montering, oprigting, toetsing, hervervaardiging, herstelwerk, verstelwerk, opknapping, bedrading, stoffering, bespuiting, verfwerk en/of vernuwing uit gevoer in verband met -

(a) die onderstelle en/of die bakke van motorvoertuie:

(b) binnebrandenjins en transmissiekomponente van motorvoertuie; en

(c) die elektriese uitrusting in verband met motorvoertuie, met inbegrip van radio's;

(ii) motoringenieurswerk;

(iii) die herstel, vulkanisering en/of versoling van buitebande;

(iv) die herstel, versiening en/of vernuwing van batterye vir motorvoertuie:

(v) die besigheid gedryf deur ondernemings vir die parkering en/of stalling van motorvoertuie;

(vi) die besigheid gedryf deur vul- en/of diensstasies;

(vii) die besigheid hoofsaaklik of uitsluitlik gedryf vir die verkoop van motorvoertuigonderdele en/of -bybehore (hetsy nuut of gebruik), hetsy, al dan nie, sodanige verkoop geskied vanuit 'n perseel wat verbind is aan 'n gedeelte van 'n bedryfsinrigting waarin die montering of herstel van motorvoertuie uitgevoer word;

(viii) die besigheid gedryf deur motorslopingsondernemings;

(ix) die besigheid gedryf deur vervaardigingsbedryfsinrigtings waarin motorvoertuigonderdele en/of reserwedele en/of -bybehore en/of samestellende dele vervaardig word;

(x) voertuigbakbou;

(xi) die verkoop van trekkers en landbou- en besproeiingsuitrusting (nie gekoppel aan die vervaardiging daarvan nie).

Vir die doeleindes van hierdie omskrywing beteken -

"motoringenieurswerk" die vernuwing van binnebrandenjins of onderdele daarvan vir gebruik in motorvoertuie in bedryfsinrigtings waarin hoofsaaklik of uitsluitlik sodanige werk verrig word, hetsy daar in sodanige bedryisinrigtings motorvoertuie uitmekaargehaal en herstel word al dan nie:

"motorvoertuig" enige wielvoertuig wat deur meganiese krag (uitgesonderd stoom) of elektries aangedryf word en wat ontwerp is vir trekvervoer en/of vir die vervoer van persone en/of goedere en/of vragte, en omvat dit 'n sleepwa en 'n woonwa, maar nie ook uitrusting wat ontwerp is om op vaste spore te loop, 'n sleepwa wat ontwerp is om vragte van 273 kg of meer te vervoer, of 'n vliegtuig nie; en

"voertuigbakbouwerk" enigeen van of al ondergenoemde werksaamhede wat uitgevoer word in 'n veertuigbakboubedryfsinrigting, maar nie ook voertuigbakbouwerk wat in verband met die montering van motorvoertuie deur monteringsinrigtings verrig word nie:

(a) Die bou, herstel of vernuwing van kajuite en/of bakke en/of enige bobou vir enige tipe voertuig;

(b) die vervaardiging of herstel van samestellende dele vir kajuite en/of bakke en/of enige bobou en die montering, regstelling en installering van onderdele in kajuite of bakke of op die bobou van voertuie;

(c) die vassit van kajuite en/of bakke en/of enige bobou aan die onderstel van enige tipe voertuig:

(d) die bestryking en/of versiering van kajuite en/of bakke en/of enige bobou met 'n preserveermiddel of versierstof:

(e) die uitrus, stoffeer en afwerk van die binnekant van kajuite en/of bakke en/of enige bobou;

(f) die bou van sleepwaens, maar uitgesonderd die vervaardiging van die wiele of asse daarvan; en

(g) alle bedrywighede wat gepaard gaan met of voortspruit uit die werksaamhede bedoel in paragrawe (a) tot (f) hierbo;

en vir die doeleindes van hierdie omskrywing omvat "voertuig" nie 'n vliegtuig nie.

"Motornywerheid", soos hierbo omskryf, omvat nie die volgende nie:

(a) Die vervaardiging van motorvoertuigonderdele en/of -bybehore en/of -reserwedele en/of -komponente in bedryfsinrigtings wat aangelê is vir die produksie van metaal- en/of plastiekgoedere van 'n ander aard op aansienlike skaal en waarin gewoonlik

sodanige produksie aldus plaasvind, of die verkoop van motorreserwedele en -bybehore deur monteerbedryfsinrigtings vanuit sodanige bedryfsinrigtings;

(b) die montering, bou, toetsing, herstel, regstel, opknapping, bedrading, bespuiting, verf en/of vernuwing van landboutrekkers, behalwe waar dit gedoen word in bedryfsinrigtings wat dergelike dienste lewer ten opsigte van vragmotors of motorvragwaens; en

(c) die vervaardiging en/of onderhoud en/of herstel van -

(aa) uitrusting vir siviele en werktuigkundige ingenieurswerk en/of onderdele daarvan, hetsy dit op wiele gemonteer is al dan nie;

(ab) landbou-uitrusting of onderdele daarvan;

(ac) uitrusting bedoel vir gebruik in fabrieke en/of werkwinkels:

Met dien verstande dat, vir die doeleindes van (aa), (ab) en (ac) hierbo, "uitrusting" nie geag word motorkarre, vragmotors en/of motorvragwaens te beteken nie;

(ad) motorvoertuig- of ander voertuigbakke en/of enige bobou en/of onderdele of komponente daarvan gemaak van staalplaat 3,175 mm dik of dikker, wanneer dit gedoen word in bedryfsinrigtings wat aangelê is vir die vervaardiging en/of onderhoud, op aansienlike skaal, van uitrusting vir siviele en/of werktuigkundige ingenieurswerk en waarin gewoonlik sodanige werksaamhede aldus verrig word;

(d) monteerbedryfsinrigtings, wat beteken bedryfsinrigtings waarin motorvoertuie uit nuwe komponente op 'n monteerband gemonteer word, en ook die vervaardiging en/of maak van motorvoertuigonderdele of -komponente wanneer uitgevoer in sodanige bedryfsinrigtings, maar omvat dit nie ook voertuigbakbouwerk nie, behalwe vir sover dit uitgevoer word in verband met die montering van motorvoertuie, uitgesonderd woonwaens en sleepwaens.

The Magisterial District of Hertbert, Bethlehem, Harrismith, Senekel, Clocolan, Ficksburg, Ladybrand, Excelsior, Rouxville, Wepener, Lydenburg, Thabazimbi, Brits, Pretoria, Rustenburg, Krugersdorp, Randfontein, Marico, Vryburg, Warmbard, Waterberg, Potgietersrus, Pietersburg, Southpansberg, Letaba, Lichtenburg, Delareyville, Coligny, Koster, Swartruggens, Bloemfontein, Bothaville, Brandfort, Bultfontein, Boshof, Dewetsdorp, Fauresmith, Hennenman, Heilbron, Kroonstad, Koppies, Klerksdorp, Koffiefontein, Lindley, Odendaalsrus, Oberholzer, Parys, Potchefstroom, Reddersburg, Sasolburg, Theunissen, Ventersdorp, Ventersburg, Viljoenskroon, Virginia, Vredefort, Vereeniging, Winburg, Wesselsbron, Wolmaransstad, Schweizer-Reneke, Bloemhof, Hoopstad, Christiana, Barkly West, Warrenton, Piet Retief, Hartswater, Reitz, Frankfort and Vrede.

**Representativeness of the Council:**

Total number of employees falling within the proposed scope of the Council and who belong to the trade union that is a party to the Council:
3 378

Total number of employers falling within the registered scope of the Council and who belong to the employers' organization that are parties to the Council:
8

Total number of employees employed within the proposed scope of the Council by the employers who belong to the employers' organization that are parties to the Council:
8 941

Total number of employers within the proposed scope of the Council:
8

Total number of employees employed within the proposed scope of the Council:
8 941

**J T CROUSE**
**REGISTRAR OF LABOUR RELATIONS**

**DATE: 9 NOVEMBER 2011**